

Titel: Oorlog of Vrede
Pastoor: Lucille May
Datum: 9 November 2008
Tyd: 17h30



Mattheus 10:34

³⁴ Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard.

Efesiërs 1:18-20

¹⁸ dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, ¹⁹ en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag ²⁰ wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het:

Openbaring 1:5b-6a

⁵ Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed ⁶ en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader,

Jakobus 5:16b-18

¹⁶ Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag. ¹⁷ Elía was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie; ¹⁸ en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit.

Deursettingsvermoë

I Konings 18:42-44

⁴² ...en terwyl hy daar na die aarde toe buig met sy kop tussen sy knieë, ⁴³ sê hy vir sy slaaf: "Gaan kyk in die rigting van die see!" Hy gaan kyk toe, en kom sê: "Daar is niks." Elia het vir hom gesê: "Gaan kyk weer." Dit het sewe keer gebeur. ⁴⁴ Na die sewende keer het hy kom sê: "n Wolkie so groot soos 'n man se hand kom uit die see uit op." Elia sê toe: "Gaan sê gou vir Agab: Span in en gaan van die berg af, anders sal die reën jou vaskeer."

Verstaan die profetiese

Daniël 9:2 NV

² In sy eerste regeringsjaar het ek, Daniël, uit die Skrifte vasgestel dat volgens die woord van die Here wat tot die profeet Jeremia gekom het, Jerusalem sewentig volle jare 'n puinhoop sou wees.

Neem die las op

Daniël 9:19 NV

¹⁹ Hoor, Here! Vergewe, Here! Gee tog ag op ons en tree op! Ter wille van Uself, moenie talm nie, my God. U Naam is oor u stad en oor u volk uitgeroep.

God se antwoord

Daniël 9:22b-23a NV

²² Daniël, ek het gekom om jou insig te gee. ²³ Toe jy met jou smeekgebed begin het, is daar 'n antwoord gegee, en ek het gekom om dit vir jou te vertel, want God het jou lief. Gee dus ag op wat ek sê, sodat jy die visioen kan verstaan.

Daniël 10:2-3 NV

² In daardie tyd het ek, Daniël, drie weke getreur. ³ Ek het die volle drie weke geen lekker kos geëet nie, my mond nie aan vleis of wyn gesit nie en geen reukolie gebruik nie.

Daniël 10:12-13

¹² Hy sê toe vir my: "Moenie bang wees nie, Daniël, want van die eerste oomblik af dat jy jou ingespan het om insig te kry en jou voor jou God verootmoedig het, is jou gebede verhoor. Ek het gekom in antwoord op jou gebede. ¹³ Die engel van die Persiese ryk het my een en twintig dae lank teruggehou, maar toe het Migael, een van die vernaamste engele, my te hulp gekom en ek was nie meer nodig teen die Persiese konings nie.

Mattheus 18:19 NV

¹⁹ Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daarvoor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry,

Esegiël 37:4b-6, 9b

⁴ Hoor die woord van die Here, droë bene! ⁵ So sê die Here my God vir hierdie bene: Ek gaan gees in julle laat kom **SODAT JULLE KAN LEWE**: ⁶ Ek sal vir julle senings en vleis aansit en julle oortrek met vel en dan sal Ek gees in julle gee **SODAT JULLE KAN LEWE**. Dan sal julle besef dat Ek die Here is."

⁹ So sê die Here my God: Kom uit die vier windstreke, gees, blaas in hierdie dooies in **DAT HULLE KAN LEWE**."

Esegiël 37:10

¹⁰ En ek het geprofeteer soos Hy my beveel het. Toe het die gees in hulle gekom, en hulle het lewendig geword en op hulle voete gaan staan—'N **ONTSAGLIKE GROOT LEËR!**